Neem-Dit-Huis-Toe – Gr. 6

Identiteit (ID = Imago Dei)

Die "*tweens*" begin beweeg na die adolessensie-fase, waar die soeke na onafhanklikheid en eie identiteitsvorming die belangrikste ontwikkelingstake is. Tot dusver het ouers en die huisgesin identiteit gegee aan die jongmens. Namate die kind na adolessensie beweeg, hoe meer gaan hul portuurgroep identiteit verskaf... hierdie nuwe identiteit word selde 'n goeie identiteit.

Jongmense wil graag aanvaar word deur 'n groep waar hulle kan tuisvoel en die gevoel van '*belonging*' kan kry. Jongmense is skugter om groepsdruk teen te staan, want dit kan moontlike verwerping deur die portuurgroep tot gevolg hê. Hulle sal eerder teen hul eie waardes optree en aanvaar word as wat hulle groepsdruk teenstaan en uitgeskuif word. 'n Verlies aan portuurgroep beteken 'n verlies aan identiteit. Daarom is dit belangrik dat ons oor identiteit gesels, en dat jongmense sal weet dat hul identiteit in Christus lê, nie hoofsaaklik in 'n vriendekring se aanvaarding nie.

Wat dink julle is die dinge wat mens se 'identiteit' opmaak? Wat maak dat jy, jy is?

Identiteit is die dinge van 'n persoon wat hom of haar...

- uniek (baie spesiaal, sonder iemand wat presies so is),
- raar (daar is min mense soortgelyk) en
- waardevol (belangrik en onmisbaar) maak.

Het jy al ooit die bak uitgelek as jou ma/ouma koek of poeding gebak het? Lekker! Maar het jy al ooit die koeksoda of bakpoeier net so geëet? Niks lekker nie! Tog is dit belangrike bestanddele om die koekies reg te laat bak.

Jou identiteit is amper soos die koekie-deeg, daar is 'n hele paar bestanddele wat op 'n sekere manier gekombineer en saamgemeng word om uiteindelik jou te 'bak'. Jy is 'n unieke mengsel van jou persoonlikheid, gawes en talente, agtergrond, fisiese vermoëns ens. Party van jou 'bestanddele' is dalk nie so positief soos wat jy dit graag sou wou hê nie, maar op die ou einde maak hierdie mengsel van goed, die unieke jy!

As Christene besef ons dat, al is ons goed geskape en is ons uniek, raar en waardevol, is ons nie perfek nie. Ons het nog steeds sonde. Ons is nie heeltemal so oulik soos wat ons dink nie.

Jesus Christus se kruisdood en opstanding, Sy genade, is al wat ons red. Dis al wat ons weer herstel om uniek, raar en waardevol te wees. Dis nie ons nie, dis Hy! Ons lees in die Bybel,

deur Paulus se woorde, hoe wie ons is, nie eintlik bepaal word deur hoe oulik en '*smart*' ons is nie, maar deur Jesus Christus.

Lees Efesiërs 2:1-10, veral verse 8 tot 10

Die Bybel in Praktyk skryf die volgende oor verse 8 tot 10:

Vers 8-9: As jy 'n geskenk van iemand ontvang, sal jy tog nooit vra wat jy die persoon skuld nie! Jy sal net sê: "baie dankie!" Tog is daar baie Christene wat glo dat hulle hulle redding moet verdien. Hierdie verse stel dit so duidelik: jou redding is 'n "gawe" van God. Jou gereddenheid is dus geen rede om trots jou bors uit te stoot nie. Slegs een reaksie is gepas: dat jy God dank en dat jy jou blydskap met jou lewe elke dag prakties wys.

Vers 10: Hier sien ons nou wat die plek van goeie dade wel is. Ons word nie opgeroep tot goeie dade met die doel om gered te word nie. Dit is presies anders om: jy is klaar gered! God het jou gered, net omdat Hy wou! God het egter 'n doel met jou redding, naamlik dat jy jou lewe wy aan die goeie dade waarvoor Hy jou bestem het. Jy werk nie vir 'n belonging nie. Inteendeel, jy het 'n geskenk (jou redding) gekry, en nou doen jy goeie dade omdat jy die geskenk het en dankbaar daarvoor is.

Hierdie teksgedeelte beklemtoon dat ons nie meer vir onsself lewe nie, maar vir die Koninkryk van God. Ons is nie meer ons eie eiendom nie, maar Jesus het ons vrygekoop. Ons is Syne. En deur Sy Gees is hy in ons elkeen wat Sy naam bely.

- Wat dink julle sê Paulus hier oor jou identiteit – aan wie behoort jy?
- Hoe help hierdie teksgedeelte jou as jy sleg voel oor jouself en dalk nie baie van jouself hou nie?
- Hoe help hierdie teksgedeelte jou om te dink oor die mense van wie jy nie hou nie?

Vir die huis probeer die volgende...

Watter dinge is in jou omgewing (vriendekring of skool) belangrik vir mense se "*image*"? Dink aan tipe klere, musiek, woordeskat, aktiwiteite, attitude, haarstyl, ens?

- Watter groepsdruk ervaar mense om die regte "*image*" te hê?
- Skryf neer – watter 5 woorde sou ander mense gebruik om jou te beskryf. Watter 5 woorde sou JY kies om jouself (jou ware self) te beskryf?
- Gesels – is die woorde dieselfde of verskillend? Hoekom?

Ons kyk baie kere na mense en die dinge wat hulle doen en dan besluit ons hoe hulle is. Jy kyk dalk na die ou wat baie *gym* en ek besluit dat hy bietjie dom is. Jy kyk dalk na die meisie

wat hokkie speel en besluit dat sy aggressief is. Wanneer ons dan oor mense begin praat, volgens die prentjie in ons koppe, begin ons ook om ander mense se persepsies te beïnvloed. Wanneer ons ander dan volgens ons persepsies behandel, kan ons hulle beïnvloed om dit te glo dat hulle wel is wie ons dink hulle is. Jesus doen dieselfde met ons, maar altyd in 'n positiewe manier; hy praat en behandel ons op 'n nuwe manier wat ons identiteit vorm. Sy oortuiging is egter nie beïnvloed deur wat ons doen nie, maar beïnvloed deur die waarheid dat God ons geskep het, ons liefhet en geroep het.

Lees Lukas 19:1-10

DINK:

- Wie was Saggéüs volgens die mense?
- Wat dink jy het Saggéüs oor homself gedink?
- Volgens Jesus, wie was Saggéüs?
- Watter effek het die manier waarop Jesus na Saggéüs gekyk het op Saggéüs se lewe gehad?
- Op watter maniere kan jy jouself in Saggéüs se skoene inleef?
- Hoe beïnvloed hierdie verhaal die manier waarop jy na ander kyk?
- Wat beteken dit vir jou om jou "identiteit in Jesus" te vind?

DOEN:

Elke keer wanneer jy vandag in 'n spieël kyk, sê vir jouself: "Ek is 'n kind van God. Ek is 'n vry mens."

BID:

Lees die teks weer stadig deur. Vra die Heilige Gees om 'n woord of 'n prentjie in jou gedagtes te laat opkom wat jou sal help om jouself te sien soos Hy jou sien, maar ook om ander mense te sien soos Hy hulle sien.

PRAKTIES:

- Skryf jou naam van bo na onder op 'n skoon bladsy. Kry by elke letter van jou naam 'n woord wat een van jou beste eienskappe beskryf. Plak dit in jou kasdeur of enige plek waar jy dit gereeld sal raaksien om jou te herinner aan hoe God jou ook sien.
- Dink aan iemand wat jy gewoonlik beoordeel omdat hy/sy anders is. Besluit om wanneer jy daardie persoon weer sien, hom/haar vriendelik te groet.
- Ontwerp jou eie logo! Gebruik skryfbehoeftes en papier om jou eie, unieke logo te ontwerp. Die logo kan uit jou naam of jou voorletters bestaan. Die logo moet iets van jou vertel, dalk een van jou fisiese kenmerke of persoonlikheidseienskappe uitbeeld.

IN JOU FAMILIE:

- Laat druk ’n foto van elkeen in jul familie. Laat almal in julle huis die mooiste of beste eienskap van die een op die foto agterop neerskryf, saam met ’n een-sin-gebed.
- Soek ‘n boom wat net reg is vir boomklim. Hoeveel uit jul familie kan in die boom klim? Gesels daarna oor hoekom Saggeus in ‘n boom geklim het.